

Skrifgedeelte: Romeine 14:1-12

Fokusgedeelte: Romeine 14:11

Oproep tot lof aan die Here

Om God tydig en ontydig te loof en te prys, is nie net die regte ding om te doen nie. Dis nie net goed vir ons elkeen persoonlik omdat ons daarvoor gemaak is nie. Dit is ook goed vir ons verhoudings met mekaar en dit kan en sal op 'n baie praktiese manier onderlinge eenheid en harmonie bring. Waarom? As elkeen na sy eie eer soek, waarborg dit verskille, verdeeldheid en onenigheid. As ons saam op soek is na die Here se eer, om voor Hom te buig, Hom met ons tong te bely as God (vs 11), skep verskille 'n geleentheid om Hom te verheerlik.

By die gemeente in Rome aan wie Paulus hier skryf, was daar verskille oor watter kos om te eet en nie te eet nie (vs 2). Daar was verskille oor die hou van sekere Joodse feesdae (vs 5-6). Paulus se raad oor hoe om dit te hanteer en te verhoed dat dit maak dat mense op mekaar neersien en mekaar veroordeel en so verdeeldheid bring (vs 3), is duidelik: *Onthou dat julle almal huisbediendes (slawe) is van die Here (vs 4), wat nie vir julleself nie, maar vir Hom leef en vir Hom sterf en wat in lewe en in sterwe aan Hom behoort (vs 7-8).*

Jesus se kruisdood en opstanding in ons plek, wat elkeen van ons ewe nodig het en wat sy Koningskap oor elkeen van ons se lewens bevestig (vs 9), maak dat ons nie op mekaar kan neersien of mekaar kan veroordeel nie (vs 10). As twee studente 'n vak druijp, is dit baie dwaas vir die een wat 'n bietjie meer gekry het om vir die ander een te lag en op hom neer te sien, of hoe? Ons gaan op gelyke voet voor God se regterstoel staan (vs 10) en verantwoording doen (vs 12). As gelowiges gaan ons daar staan met een en dieselfde hoop: Jesus se lewe, kruisdood en opstanding in my plek!

Paulus haal uit Jesaja 45:23 aan as hy sê: "*Want daar staan geskryf: "So seker as wat Ek leef, sê die Here, voor My sal elke knie buig en elke tong sal My as God bely."*"

Sy punt is, dit gaan eendag vir seker gebeur, maar dit hoef nie tot dan te wag nie. Dit kan hier en nou al gebeur, en waar dit gebeur, sal vreugde en vrede en onderlinge liefde heers! So, kom ons buig die knie en bely Hom as God, en loof en prys Hom saam met die tong!

Sing: Psalm 45:1:1, 10, 14, 16

Ds. TF (Thomas) Dreyer (Cross Culture Church)